26 Mei 2019

FAMILIE TUISBLAD

Handelinge 16:6-15

ons storie

Dit is goed vir mens om planne te maak.
Om te kan beplan is 'n vaardigheid wat God vir ons gegee het.

Hoe voel mens wanneer jou planne nie uitwerk nie?
Was daar 'n keer wat dinge anders uitgewerk het as wat jy beplan het en aan die einde was dit beter as wat jy kon beplan?

GOD se storie

In hierdie teks is dit duidelik dat Paulus-hulle 'n goeie idee gehad het van waarheen hulle wou gaan. Hulle het hulle planne gemaak van die pad wat hulle wou volg.

Dit is ook duidelik dat God se plan heeltemal anders geloop het as wat hulle verwag het.

Paulus-hulle het egter nie gestry teen die veranderings nie, hulle het God se leiding gevolg.

Hoekom dink jy was dit vir hulle so maklik om van plan te verander?

ons nuwe storie

Paulus-hulle se roete het verander, maar wat hulle langs daardie pad wou doen het nie verander nie.

Hulle was oppad om die **Goeie Nuus** van God se liefde, Jesus se kruis en die Heilige Gees se krag en teenwoordigheid met mense te deel.

God nooi ons om hierdie selfde **Goeie Nuus** vandag nogsteeds met mense te deel.

Rituele en gewoontes

Dit kan soms moeilik wees om hierdie **Goeie Nuus** met mense te deel.

Wat maak dit vir jou moeilik om dit te doen?

Op watter kreatiewe maniere kan ons vandag die **Goeie Nuus** met mense deel?